# *Platsak maak ’n plan*: memorandum by vrae en klasaktiwiteite

## Inleiding

**Leesbegrip**

1. haastig, geblaf, getjank, hardloop, klou
2. Hy gaan ’n hond kry.
3. Hy hardloop en kan amper nie stilstaan van opwinding nie, maar wanneer hy in die gebou kom, begin hy stadiger beweeg. Wanneer hy nog buite is, is hy opgewonde oor wat hom te wagte is, maar binne moet hy ’n keuse maak en daarom neem hy sy tyd.
4. Moontlik in die herfs of winter, dit is koud en dit reën.
5. Dit voel asof hy gaan huil.
6. Hy soek ’n kleiner hond wat saam met hom op sy bed kan slaap en op sy skoot kan sit, maar wat groot genoeg is om saam met hom te kan rugby speel.
7. Sy pa hou van ’n opreggeteelde hond soos die Labrador, vir die hoofkarakter maak dit nie saak nie.
8. Ja, die hokke by die DBV is vol honde omdat mense verkies om klein hondjies te koop eerder as om aan te neem.
   Leerder se relevante respons.

**Letterkundige aspekte**

9. Eerstepersoonsverteller.
10. Hierdie inleiding word uit die hoofkarakter se perspektief vertel.
11. “ ’n Husky huil meteens reg langs my.”
    a) Dit beklemtoon die hartseer, hopelose toon.
    b) Alliterasie en personifikasie.
12. Hy is klein genoeg om op sy skoot te tel, maar groot genoeg om saam met hom rugby te speel.

*Hoofstuk 1:* **Blaffende honde byt nie**

**Woordeboek-werk**

Gaan slaan die volgende woorde in die woordeboek na en skryf die betekenisse neer:

| Woord: | Betekenis: |
|---|---|
| skril | So skerp dat dit die oog of oor seermaak. • Met 'n groot kontras; wat sterk afsteek |
| greep | 'n Grypende beweging of houvas op iets; omklemming |
| proewe | 'n Toets of eksperiment |
| tintel | Prikkeling deur koue, ’n prikkelende gevoel kry |
| potensiaal | 'n Tot nou toe ongerealiseerde moontlikheid; inherente of latente vermoë of kapasiteit. |
| begrawe | Onder aarde verberg |
| ontsteld | Verskrik en deurmekaar wees; vanweë emosionele of liggaamlike skok tydelik nie in staat wees om iets te doen nie. |
| plaveisel | 'n Oppervlak met stene wat die grond bedek. |

**Leesbegrip**

1.1
- Sy blaf is erger as sy byt

- Moenie slapende honde wakker maak nie

1.2 Die hoofkarakter word geduik wanneer hy ’n drie probeer druk, maar hy slaag steeds daarin om punte aan te teken.

1.3 Hulle oefen rugby.

1.4 a) blydskap
b) opgewondenheid
c) onsekerheid
d) suspisieus

1.5 Die eerste deel van die hoofstuk word uit Ethan se perspektief vertel, daarna verander dit na die perspektief van Leo, die hond.

1.6 Platsak is Leo se naam vir die hoofkarakter, Ethan.

- Partykeer hang sy sakke wit en plat by sy broek uit
- Sy hande is ander kere diep in sy sakke begrawe
- Sy ma sê altyd dat sy moeg is daarvoor dat hy altyd platsak (sonder geld) is

1.7 Water is Ethan se pa. Hy word moontlik so genoem omdat hy die een is wat altyd vir Leo water gee.

1.8 Hy is ’n prokureur.

1.9 Ma is ekstra vriendelik en besorg, wat vir Ethan vreemd is. Pa lyk vir Ethan gryser as gewoonlik, wat daarop dui dat hy gespanne is. Pa antwoord nie wanneer Ethan geselsies probeer aanknoop nie. Pa blaas sy asem stadig uit, om homself te kalmeer. Ma tik-tik met haar vingers op die tafel, wat ook ’n teken van spanning is. Daar is ’n lang, ongemaklike stilte voordat Pa praat. Pa gebruik ook sy prokureurstem, wat daarop dui dat hy homself probeer kalm hou en nie emosioneel wil raak nie.

1.10 Leerder se relevante respons.

**Letterkundige aspekte**

1.11 Die antagonis duik Ethan se wind uit by die rugby-oefening, wat spanning tussen die twee seuns voorspel.

1.12 Hy is kompeterend en ambisieus. Hy is selfversekerd en grootpraterig oor sy pa se sukses en die oneerlikheid wat sy pa gebruik om hom ’n hupstoot in die lewe te gee.

1.13 Pieter gaan huis toe met sy pa se Mercedes, Ethan gaan huis toe op sy fiets. Dit dui op die materialistiese ingesteldheid wat Pieter het teenoor Ethan se minder materialistiese ingesteldheid. Dit dui ook op die verskillende waardes waarmee die seuns opgevoed word.

1.14 Hy twyfel oor sy vermoëns en vergelyk homself met Pieter. Hy wonder of hy goed genoeg is en wat hy sal doen as Pieter eerder vir die span gekies word.

1.15 Daar is die wedywering tussen Pieter en Ethan en dan Pa en Ma se mededeling aan die einde van die hoofstuk.

**Taalstrukture**

1.16 Verduidelik die funksie van die koppelteken in die volgende woorde:

| | |
|---|---|
| bo-op | Opeenhoping van klinkers |
| J-ja | Dui op onsekerheid |
| onder 16-juniorspan | Koppeling met ’n syfer |
| Suid-Afrikaanse | Aardrykskundige eienaam |
| tik-tak | Klanknabootsing |
| rubber-rugbyballetjie | Om die lees te vergemaklik |
| A-span | Koppeling met ’n letter |
| tik-tik | Herhaling |

*Hoofstuk 2*: **Vat jou hond en trek**

**Leesbegrip**

2.1 Hy sien hoe Ma haar tone wikkel en hoe Pa se voet op die grond spring. Ethan se bene is ongewoon stil. Dit dui op die gespanne atmosfeer.

2.2 Die gesin gaan Nieu-Seeland toe emigreer en Leo kan nie saamgaan nie.

2.3
- Om na ’n nuwe huis te trek
- Om na ’n nuwe land te trek
- Om tou te trek

- Om iemand se been te trek

Leerders kan hierdie lys na hartelus uitbrei.

2.4 Hulle albei is geskok en wil nie graag trek nie. Hulle albei hou van hoe hulle lewens verloop en wil dit nie graag ontwrig nie; hulle wil ook nie sonder mekaar wees nie.

2.5
- Hy hou van hoe dinge nou is
- Hy hou van die son as hy voor die hek vir Platsak lê en wag
- Hy hou daarvan om in Tone se potplante te klim
- Hy hou van die sagte mat in die sitkamer wanneer hulle TV kyk
- Hy hou van Platsak se kamer, en hoe hy deur die gaatjie in die agterdeur pas.

2.6 Platsak stoot hom weg wanneer hy styf teen sy been gaan lê.

2.7 Leerder se respons.

2.8 Vir Pa is dit te duur. Hy sien die finansiële implikasie daarvan en is nie bereid om so baie geld te betaal om die hond saam te vat nie.

Ethan is van mening dat Pa baie geld het en dat dit nie ŉ probleem behoort te wees nie, omdat hy baie lief is vir sy hond.

2.9 Hy sê dat hulle eerder die geld kan gebruik om vir Ethan ŉ opregte hond te koop, of selfs ŉ kar.

**Letterkundige aspekte**

2.10 Leo snuffel aan Tone se voete en ruik angstigheid. Dit is iets wat ŉ mens nie sintuiglik kan waarneem nie.

2.11 Ma het ŉ sagter aanslag as Pa en probeer vir Ethan paai. Pa is harder en laat nie vir Ethan toe om regtig sy opinie te lewer nie. Hy vra ook nie vir Ethan hoe hy voel of bied vir hom emosionele ondersteuning nie.

2.12 Ja, Ethan is vas oortuig dat sy pa van plan sal verander en dat hy nie regtig ernstig is nie. Hy ontken dat dit ŉ moontlikheid is dat hulle werklik die land gaan verlaat.

2.13 Vat jou goed en trek, Ferreira. Dit is gepas, omdat die titel verband hou met die inhoud: Pa kondig aan dat die gesin gaan emigreer.

*Hoofstuk 3:* **Geldhonde**

**Leesbegrip**

3.1 Die televisie.

3.2 Hy krap aan die deur totdat Ethan die deur vir hom oopmaak.

3.3 Dit is geld in ’n spaarbussie.

3.4 Die hele hoofstuk gaan oor Ethan wat ’n plan probeer beraam om geld te spaar sodat Leo saam kan gaan Nieu-Seeland toe.

3.5 Twee duisend vyf honderd rand.

3.6 “Ons het nog nie baie nie, Leo, maar dis ’n begin.”

3.7 Pa het nie verder oor die trekkery gepraat nie, dus hoop Ethan dit gaan nie regtig gebeur nie. Ethan dink ook dat Pieter te veel skinder.

3.8 Die onderwyser weet dat hulle gaan trek en sê dat dit daarom nie sal saak maak of Ethan gaan proewe speel nie.

3.9 Sy selfoon.

3.10 Hy gaan probeer stout wees om hulle aandag te kry. Dit mag dalk werk, maar dit kan ook ’n negatiewe uitwerking hê.

3.11 Almal in die rugbyspan moet geld insamel met rugbyborge.

**Letterkundige aspekte**

3.12 Dit dui op die uitdrukking “om ’n geldwolf te wees”. Pieter is baie geldgierig en materialisties en dit word in hierdie hoofstuk aan die leser openbaar. Ethan het ook geld nodig, maar om ander redes.

3.13

| Pieter | Ethan |
|---|---|
| Statusbewus. “Dis so cool ou...Nieu-Seeland is vrek duur. Net ryk mense bly daar. Nice.”<br>Geldgierig. “Daar is blykbaar groot geld daarin om met opregte honde te teel.” | Optimisties: “Ons het nog nie baie nie, Leo, maar dis ’n begin.”<br>Ambisieus: “My oë gly oor die plakkate van rugbysterre teen my muur. Eendag...”<br>Vasberade: “Leo sal saamkom, of ek gaan nie.” |

| | |
|---|---|
| Selfgesentreerd. “Sy pa-hulle is skatryk en hy het nog nooit in sy lewe geld gespaar nie.”<br>Arrogant. “As jy...nege-en-dertig duisend rand kan insamel, sal ek vir jou die laaste duisend rand gee wat jy kort.” | |

3.14 Die klaskamer.

3.15 Almal is baie besig en hulle skarrel rond. Dit veroorsaak spanning omdat dit die tempo versnel.

3.16 Hy wil graag ’n beroepsrugbyspeler word en hy het plakkate van bekende rugbyspelers teen sy muur.

3.17

- My moed sak in my skoene...
- ...’n geskarrel in die huis
- ...onder almal se voete beland
- ...uit almal se pad te bly
- Ek ys.
- My keel trek toe...
- ...nog soos ’n swaard bo my kop.

  Al hierdie uitdrukkings dra by tot die gespanne atmosfeer in die hoofstuk.

3.18 Dit word effektief gebruik omdat dit die dialoog geloofwaardig maak.

*Hoofstuk 4*: **’n Brak maak ’n plan**

**Leesbegrip**

4.1 Hy het die sitkamerbank verskeur.

4.2 Hy probeer aandag soek.

4.3 Emosies wat ingesluit moet word (leerders lys toepaslike sinonieme)

Skuldig

Bang

Teleurgesteld

Hartseer

Vervreem

4.4 Hy besluit om koffie voor die skool te verkoop.

4.4 Dit is ’n welsynsorganisasie wat arm mense help deur donasies.

4.5 Hy mag nie handel dryf voor die skool se hekke nie en hy is laat vir klas.

4.6 Hy waardeer sy ondernemingsgees en verstaan waarom Ethan graag die geld wil spaar.

**Letterkundige aspekte**

4.7 ’n Boer maak ’n plan.

4.8 Beide Ethan en Leo maak in hierdie hoofstuk hul eie planne, en albei planne het verreikende gevolge.

4.9 a) onsekerheid teenoor die teenoorgestelde geslag

b) rebelse gedrag

c) riskante gedrag

## *Hoofstuk 5:* **Soos kat en hond**

**Leesbegrip**

5.1 Om soos kat en hond te baklei, beteken om baie erg te baklei. Dit voorspel dat hier groot konflik in die hoofstuk gaan wees.

5.2 Dit is Pieter.

5.3 Stinkpoot praat neerhalend van en met Leo. Stinkpoot is nie beïndruk deur Leo se toertjies nie en gluur vir Leo met skrefiesoë aan.

5.4 Dit is afgelei van “om iemand te wys waar Dawid die wortels gegrawe het” wat beteken om iemand te wys hoe iets gedoen behoort te word.

5.5 Pieter probeer om vir Ethan te oortuig om sy geld eerder vir die rugbyspan te gee en probeer hom oorreed deur voor te stel dat hy dan die Speler van die Jaar-trofee sal kry indien hy dit doen.

5.6 Leerder se respons.

5.7 Ethan dink nie dit is verstandig om voor die proewe al te dink aan Speler van die Jaar nie. Hy voer ook aan dat hy dalk nie daar gaan wees vir die prysuitdeling indien hulle wel emigreer nie, dus maak dit nie saak nie.

5.8 Hy moet moontlik vooruit na Nieu-Seeland gaan om voorbereidings te gaan tref.

**Letterkundige aspekte**

5.9 Hy ruik na sterk blomme, sweetvoete en leerbanke. Hy ruik ook na iets slegs, soos die gif wat Water op die rose spuit. Dit verwys na Pieter se antagonistiese karakter. Hy het nie goeie intensies nie en is soos ’n gif.

5.10 Pieter wil hê dat Ethan die geld wat hy vir Leo gespaar het, vir die rugbyspan gee. Hy dink net aan sy eie belange. Ethan weier om die geld wat hy vir Leo gespaar het, vir die span te gee. Hy is meer besorg oor Leo as oor die voordeel wat die skenking vir hom by die rugby kan inhou.

5.11 Hy het moontlik gemengde gevoelens. Hy voel kwaad omdat hy nie seggenskap het in wat met hom gebeur nie en hartseer omdat hy weet dat daar niks is wat hy daaraan kan doen nie. Hy is moontlik kwaad oor Pieter se ongevoeligheid. Leerder se respons.

**Taalstrukture**

5.12 Analiseer die volgende woorde en besluit dan of die woorde afleidings, samestellings of samestellende afleidings is.

| | |
|---|---|
| Bv. sweetvoete | sweet + voet + e<br>stam + stam + agtervoegsel<br>samestellende afleiding |
| leerbanke | leer + bank + e<br>stam + stam + agtervoegsel<br>samestellende afleiding |
| agterpote | agter + poot + e<br>stam + stam + agtervoegsel<br>afleiding |
| skrefiesoë | skreef + ie + s + oog + e |

| | |
|---|---|
| | stam + agtervoegsel + verbindingsklank + stam + agtervoegsel<br>samestellende afleiding |
| traliehek | tralie+ hek<br>stam + stam<br>samestelling |
| karsitplekke | kar + sit + plek + e<br>stam + stam + stam + agtervoegsel<br>samestellende afleiding |
| rugbysak | rugby + sak<br>stam + stam<br>samestelling |
| waterbottel | water + bottel<br>stam + stam<br>samestelling |

*Hoofstuk 6:* **Mak honde byt die seerste**

**Leesbegrip**

6.1 James Hardey, ’n bekende rugbyspeler, is daar.

6.2 Hy is antagonisties, spottend, neerhalend en uitdagend. Hulle is jaloers op die geld wat hy gespaar het en wil hê hy moet dit vir die rugbyspan gee.

6.3 Hy probeer hom verkleineer.

6.4 Ja, al is dit negatief, beskik hy oor die vermoë om ’n groot groep seuns te beïnvloed.

6.5

- Ethan kyk na Pieter terwyl hy opwarm en wens dat hy net die helfte van Pieter se spiere gehad het. Hy twyfel in sy eie vermoë.
- Hy merk ook op dat hy in die span is wat nie die beste spelers insluit nie. Dit is dalk ’n subjektiewe mening omdat hy dit nie kan bewys nie, maar dit laat hom onseker voel.

- Pieter speel in die ander span wat vir Ethan laat voel dat hulle nie ’n kans staan om die keurder te beïndruk nie.
- Hy voel dat die wind en die swaartekrag aan Pieter se kant is. Dit dui op sy onsekerheid.

6.6 Ja, Ethan dink aan hoe kwaad hy vir sy ouers, meneer Strydom en Pieter is. “Daar is aggressie en krag in elke beweging wat ek uitvoer...”

6.7 Ma, Pa en Ethan se name staan op die bokse, maar nie Leo se naam nie. Dit laat hom uitgesluit en bekommerd voel.

6.8 Ja, ’n boerie verwys na ’n boereworsrol, en omdat hy ’n worshond is, is dit ’n gepaste naam.

6.9 Leo kom dadelik agter dat daar iets fout is. Hy merk Ethan se vernielde voorkoms dadelik op en hy ruik die hartseer wat Ethan voel.

6.10 Stinkpoot (Pieter).

6.11 Hy is eintlik baie lief vir Leo. “Tatta, my soet honne.”

6.12 Dit is die vliegtuig waarin Ethan se pa vlieg.

**Letterkundige aspekte**

6.13 In die eerste hoofstuk is daar min mense by die pawiljoen. In hierdie hoofstuk wemel dit van belangstellendes omdat almal vir James Hardey wil sien.

6.14 “kamma” “kamstig”

6.15 a) Die magstryd tussen Ethan en Pieter

b) Ethan se verhouding met sy maats

c) Ethan se gebrek aan selfvertroue

Leerder se respons.

6.16 Pieter staan voor in die ry en Ethan staan agter. Dit voorspel dat Ethan meer suksesvol gaan wees as Ethan.

6.17 In die eerste hoofstuk kry Ethan dit ten spyte van die duikslag reg om die drie te druk. In hierdie hoofstuk verhoed Pieter se duikslag hom om die drie te druk en dit beseer hom sodanig dat hy nie verder kan speel nie.

6.18 Die herfsblare en die swaeltjies wat begin trek dra by tot die melankoliese gevoel in die hoofstuk en weerspieël Ethan se gemoedstoestand.

6.19 a) ...soos ’n legkaartstukkie vir stukkie volgepak

b) ...so soet soos stroop

c) ...soos ’n ballon wat al groter en groter opgeblaas word

d) ...soos iemand wat drie Red Bulls ná mekaar gedrink het

e) ...soos ’n ballon wat gebars het

Die vergelykings bou stelselmatig die spanning op en dan is daar ’n klimaks en ’n afloop.

*Hoofstuk 7*: **Slapende honde**

**Leesbegrip**

7.1 Moenie slapende honde wakker maak nie – moenie onaangename sake aanroer nie.

7.2 Ethan is depressief. Hy stel niks belang in die dinge wat vroeër vir hom belangrik was nie en tree buite sy karakter op.

7.3 Hy het nie sy huiswerk gedoen nie en wil nie hê die juffrou moet dit sien nie.

7.4 Nee, dit is vir hom baie sleg. Die klas is senuweeagtig en die juffrou is baie teleurgesteld.

7.5 Sy is negatief oor mense wat die land wil verlaat omdat sy sê: “...julle wil mos die land verlaat. Dis mos beter daar anderkant.”

7.6 Die klas word morsdoodstil en die juffrou se geskokte uitrukking is oor haar hele gesig. Dit dui daarop dat hulle hom nog nooit so sien optree het nie.

7.7 Sy is baie kwaad en sarkasties.

7.8 Draai jy stokkies, ou seun?

7.9 Rot is moontlik ’n Rottweiler.

7.10 Die leser kan aflei dat hulle in ’n baie veilige buurt woon.

7.11 Oom Kampie kom eerlik en opreg voor en laat vir Ethan op sy gemak voel. Hy voel nie veroordeel nie.

7.12 Hy bou die hok vir die voëls wat uit die bome uit val. Hy wil vir hulle ’n veilige plek skep om aan te sterk voordat hy hulle weer vrylaat.

7.13 Sy rugsak voel letterlik ligter, of sy gemoed voel figuurlik ligter.

7.14 Die blikkie het spoorloos verdwyn.

**Letterkundige aspekte**

7.15 Pieter is ’n arrogante, geldgierige rykmanskind wat nie die waarde van eenvoudige dinge besef nie. Hy is selfsugtig en gee nie om om ander mense te benadeel of om oneerlik te wees om sy doel te bereik nie. Hy is ’n boelie wat genot put uit ander mense se ongemak en verleentheid. Pieter is ’n talentvolle rugbyspeler met leierseienskappe, maar hy wend dit nie ten goede aan nie. Al wat vir Pieter saak maak, is materiële dinge en sy aansien.

7.16 Sy word so uitgebeeld sodat die leser daarmee kan vereenselwig en ook om die spanning in die verhaal te verhoog.

7.17 Dit versnel die tempo en daardeur verhoog dit die spanning.

7.18 Een van die matrieks het hom jare gelede die naam gegee en die naam het gebly. Hy hou van die naam omdat dit uniek is.

7.19 Dit verwys na die figuurlike afvlerk-voëls. Dit is gewoonlik mense met emosionele skade. Oom Kampie bied ’n veilige hawe vir die letterlike afvlerk-voëls wat hy optel, maar ook vir Ethan wat emosioneel deur ’n moeilike tyd gaan.

**Taalstrukture**

7.20 “Stilte! Stilte, asseblief!”

“Ek het julle toetse gemerk, en dit lyk afgryslik! Afgryslik! Dit is vir my duidelik dat julle nie in die klas aandag gee nie.”

“Ethan, waar is jou huiswerk?”

“Waarom nie? Van al die mense in hierdie klas, het ek altyd gedink dat jy die verantwoordelike een is!”

## *Hoofstuk 8:* **Snuf in die neus**

**Leesbegrip**

8.1 Om snuf in die neus te hê beteken om onraad te vermoed. Dit dui daarop dat Ethan ’n leidraad gaan kry oor wie sy geld gesteel het.

8.2 Daar is niks anders uit die huis weg nie, net sy geld.

8.3 Huil. Leo het seergekry.

8.4 Ethan

Enige ander een van die spanlede wat weet van sy poging om geld te spaar.

8.5 Ja, omdat hy wens dat hy met sy pa kon praat. Hy glo dat sy pa sou geweet het wat om te doen.

8.6 Leerder se respons.

8.7 Leo ruik nie meer die stof en grond aan Ethan wanneer hy by die huis kom nie. Sy klere is ook skoon.

8.8 Pieter het ’n wond aan sy been wat soos ’n bytmerk lyk.

**Letterkundige aspekte**

8.9 Uitroepsinne.

8.10 “...soos iemand wat ’n diamant tussen ’n klomp klippe soek.”

8.11 Dit dra by tot die spanning en die tema dat alles verganklik is.

**Taalstrukture**

8.12 Gebruik jou woordeboek en soek verklarings vir die woorde hieronder. Identifiseer die woordsoort van elkeen van die woorde.

| | |
|---|---|
| hurk (ww.) | ’n Sittende houding inneem waarby die bene buig |
| ontsteltenis (s.nw.) | Verwarring, skrik |
| vies (b.nw.) | Boos, ergerlik |
| nors (b.nw.) | Stuurs, onvriendelik |
| vermoede (s.nw.) | Veronderstelling, voorgevoel |
| lusteloos (s.nw / bw.) | Sonder lus |
| frons (ww.) | Fronsende uitdrukking |

*Hoofstuk 9*: **Oor die hondjie of oor die halsbandjie?**

**Leesbegrip**

9.1 Ja, omdat hy dit nie kan bewys nie. Leerder se respons.

9.2 Daar is nog net meer as ’n maand en ’n half oor.

9.3 Hy voel al hoe meer onseker en dit maak hom net nog meer depressief en kwaad.

9.4 Leerder se respons.

9.5 Hy sê dat hulle in elk geval gaan trek en dat hy nie so goed soos van die ander ouens is nie.

9.6 Hy weet dat die hulp wat hy verleen, ’n verskil gaan maak. Leerder se respons.

9.7 Duiwe, mossies, ’n houtkapper en ’n swaeltjie.

9.8 Hulle trek saam met die seisoene.

9.9 Oom Kampie bedoel dat alles verby gaan en dat ’n mens ook die moeilike tye oorleef om eendag weer die lewe te geniet.

9.10

| Nieu-Seeland | Leo |
|---|---|
| Honde kan nie vrylik rondhardloop of blaf nie. | Leo hou daarvan om buite te speel en te blaf. |
| Honde mag nie sonder ’n leiband loop nie. | Leo hou daarvan om sonder sy leiband rond te hardloop. |
| Honde moet bedags in die huis bly. | Leo hou daarvan om in die erf te speel. |

Leo sal geen van die dinge waarvan hy hou om te doen, in Nieu-Seeland kan doen nie.

9.11 Hulle is moontlike kopers wat na die huis kom kyk.

9.12 Hulle moet die veeartskoste betaal. Diere moet ’n mikroskyfie kry. Diere moet sestig dae in kwarantyn bly wanneer hulle daar aankom.

9.13 Hy besluit om ’n blad op ’n webtuiste te skep waarop hy kan geld insamel.

9.14 Leerder se respons.

9.15 Dit beteken om met ’n blikkie by die verkeerslig te staan en vir mense te vra vir donasies vir ’n spesifieke doel.

9.16 Die gesin gaan vroeër emigreer as wat hy aanvanklik gedink het.

**Letterkundige aspekte**

9.17 Die vertelde tyd is die tydsduur, dit speel af oor ’n paar maande voordat Ethan en sy gesin trek. Die verteltyd is die aantal bladsye waarin die verhaal afspeel.

9.18 Oom Kampie kry vir Ethan net so jammer soos vir die voëls. Hy versorg hulle met dieselfde liefde.

9.19 Die verhaal handel oor Ethan se gesin wat gaan emigreer. Swaeltjies migreer. Die afvlerk-swaeltjie van oom Kampie is simbolies vir Ethan se seerkry. Oom Kampie probeer om vir Ethan met dieselfde sorg as die swaeltjie by te staan totdat hy ook uiteindelik gereed sal wees om te vlieg. Die veranderende seisoene help om die tydsverloop aan te dui en om die spanning in die verhaal te help bou.

*Hoofstuk 10:* **Bek-lek en stertswaai**

**Leesbegrip**

10.1 Nee, mense is traag om die saak te ondersteun. Hy het nog omtrent geen geld daarop gemaak nie.

10.2 Ethan weet dat meneer Fourie ongelukkig sal wees omdat hy nie meer na die oefeninge toe gaan nie.

10.3 Ja, meneer Fourie glo in Ethan se vermoë, maar Ethan woon nie meer die oefeninge by nie.

10.4 Hy voel skuldig en skaam.

10.5 Ethan het nie besef dat meneer Fourie al so lank rugby afrig nie.

10.6 Ja, daar is baie trofees en pryse wat sy spanne gewen het in sy kantoor.

10.7 Hy is ’n talentvolle speler en ook een van die beste spelers.

10.8 Hy kon nie wag om sy naam op die proewelys te gaan skryf nie. Hy was heel eerste daar en sy naam was heel bo-aan die lys. Nou is hy nie eers lus om na die lys te gaan kyk nie.

10.9 Meneer Fourie wou bevestig dat hy in Ethan glo en sy potensiaal raaksien.

10.10 Hy is bang hulle gaan veearts toe, maar sy vat hom eintlik na Ethan toe by die verkeerslig.

10.11
- Mense
- Voete
- Stof
- Kos
- Rook
- Olie

10.12 Mense neem foto's van Ethan en Leo met hulle selfone.

10.13 Honderd rand.

10.14 Hulle bly daar tot die son sak.

**Letterkundige aspekte**

10.15 Ja, Ethan is onwillig om te gaan en 'n misdadiger is onwillig om tronk toe te gaan.

10.16 Ethan is mismoedig en negatief oor die sport, maar na afloop van sy gesprek met meneer Fourie het hy weer nuwe hoop.

10.17 Al die swaeltjies maak reg om te trek, en Ethan gaan ook moet begin voorberei om te emigreer.

## *Hoofstuk 11:* **Bek-af**

**Leesbegrip**

11.1 "Die rugby-oefening was toe nie so sleg nie."

11.2 Dit beteken om trots te wees.

11.3 Pieter sê vir hom dat dit nie sy skuld is as Ethan nie sy geld kan oppas nie.

11.4 Hy roep vir Jayden.

11.5 Ethan wou juis nie die geld vir die span gee nie, toe steel Pieter dit en gee Ethan se geld vir die span.

11.6 Hy wil graag ’n slagoffer wees. Hy is te verbaas dat Ethan hom geslaan het. Leerder se respons.

11.7 Leerder se respons.

11.8 Ja, dit gaan nie vir Leo goed wees om al sy vryheid te verloor in ’n vreemde land nie.

11.9 Leerder se respons.

11.10 Hy weet nie wat kwarantyn en ’n mikroskyfie is nie.

11.11 Ma bedoel dat hulle vir Leo moet laat uitsit.

11.12 Nee, hy is emosioneel en hy oorreageer.

**Letterkundige aspekte**

11.13 Ethan slaan vir Pieter. Dit is ’n verrassing omdat Ethan nie ’n gewelddadige seun is nie.

11.14 Die tyd kom nader vir Ethan om ook sy vlerke te sprei en te vlieg wanneer hy en sy gesin moet emigreer.

11.15 Die lied klink vir Ethan treurig.

*Hoofstuk 12:* **Die honde huil**

**Leesbegrip**

12.1 Dit maak hom moedeloos en beïnvloed hom negatief.

12.2 Daar is oral met vetkryt oor die woorde gekrap, maar dit lyk nie of dit vir oom Kampie pla nie, omdat hy dit so los. Dit dui op ’n gesonde verhouding met sy kleinkinders.

12.3 Leerder se respons.

12.4 Die tuin is goed versorg en het plek vir voëls. Oom Kampie bied ’n skuiling vir almal in sy lewe.

12.5 Leerder se respons.

12.6 Leo besluit om eerder weg te loop as om na die veearts toe te gaan.

12.7 Sy het baie groot geskrik omdat sy hom amper doodgery het.

12.8 Leerder se relevante respons.

12.9 Oom Kampie sê dat alles in Nieu-Seeland baie duur is en dat Ethan die geld gaan nodig hê.

12.10 Dit is oom Kampie se broer wat in Kanada woon.

12.11 Leerder se relevante respons.

12.12 1. Hy kon sy ouers versorg.
2. Hy kan ’n verhouding met sy kleinkinders koester.
3. Hy kan naby sy dogter wees om haar hand vas te hou.

12.13 Die lewe in Nieu-Seeland gaan nie vir Leo lekker wees nie. Leo moet by mense woon wat meestal by die huis is, miskien mense met kinders wat met hom kan speel, waar hy kan rondhardloop en na hartelus kan blaf.

12.14 Leo is weg.

**Letterkunde aspekte**

12.15 Dit skep ’n rustige, vertroostende atmosfeer.

12.16 “...soos net ‘n ouma kan.”
“Dit laat my dink aan my ouma se huis toe sy nog geleef het."

12.17 Oom Kampie is ’n liewe, empatiese mens wat graag mens en dier wat hulp benodig, help. Hy is opreg en eerlik. Oom Kampie veroordeel niemand nie. Hy is lief vir die eenvoudige dinge in die lewe. Oom Kampie ag sy familie as sy kosbaarste besittings en voel dat hy skatryk is, solank hy maar naby sy familie kan wees. Hy is ’n positiewe rolmodel vir Ethan en is vrygewig met sy tyd en besittings.

12.18 Dit beklemtoon oom Kampie se woorde dat ’n mens gelukkig kan wees waar ook al die mense vir wie jy die liefste is, naby jou is. Ethan kan ook in Nieu-Seeland gelukkig wees.

12.19 Ja, Ethan verstaan dat hy nie vir Leo sal kan saamneem nie. Hy het nie genoeg geld nie en Leo gaan nie gelukkig kan wees nie. Hy berus daarby dat hy ’n ander heenkome vir Leo moet vind.

**Taalstrukture**

12.20 Gebruik ’n woordeboek om die verklarings vir die woorde in die tabel na te slaan. Benoem dan elke woordsoort volledig.

| | |
|---|---|
| verwoed | Met baie energie. |
| skril | Met 'n groot kontras; wat sterk afsteek. |
| spartel | Krampagtig beweeg. |
| keramiekpotjies | Potte wat van keramiek (klei) gemaak is. |
| verdwyn | Wegraak. |
| bal-en-klou-stelle | Houtmeubels met spesifieke pote wat soos ’n bal-en-klou lyk. |
| troon | Spesiale stoel vir 'n heerser, of figuurlik, die mag wat dit verteenwoordig. |
| emigreer | Jou land verlaat om in ’n ander land te gaan woon. |
| bejaarde | Op gevorderde leeftyd ('n eufemisme vir oud en afgeleef). |
| vryheid | Die gevoel dat mens nie deur reëls of mense beheer word nie. |

*Hoofstuk 13:* **My hond, Vreet-Alleen**

**Leesbegrip**

13.1 Leo is al ’n week weg.

13.2 Ethan is bang iemand gaan hom in hondegevegte gebruik of dat hy dalk dood is.

13.3 Waar hy in die erf voor die hek gelê het.

13.4 Dit is Ethan se laaste dag by die skool en hy is daar om sy rapporte te gaan haal.

13.5 Ethan het nog net die naweek oor om vir Leo te kry.

13.6 Ethan het vir Pieter geslaan die laaste keer toe hulle mekaar gesien het. Hy is verbaas dat Ethan hulle verskille ter syde stel om hom te groet.

13.7 Leerder se respons.

13.8 Die skoolhoof het ’n mooi verslag oor Ethan geskryf gebaseer op die positiewe verslae van al sy onderwysers.

13.9 Die seisoen in Nieu-Seeland het reeds begin en die spanne gaan reeds gekies wees wanneer hy daar aankom.

13.10 Ja, hy het ’n paar oproepe gemaak wat vrugte afgewerp het. Hy kon ’n reëling tref wat vir Ethan ’n plek in een van die spanne in Nieu-Seeland kon verseker.

13.11 “A, my gunstelingmens om te sien,” groet oom Kampie.

**Letterkundige aspekte**

13.12 Dit versnel die tempo van die verhaal.

13.13 Die onderwysers sien hom nie raak nie, niemand gesels met hom nie en hy voel soos ’n vreemdeling. Die verhaal ontknoop in Ethan se besef dat hy nie langer in sy skool kan bly nie en dat dit onafwendbaar is dat hulle gaan emigreer.

**Taalstrukture**

13.14 Verduidelik wat elkeen van die volgende uitdrukkings beteken:

a) fynkam – baie mooi soek na iets
b) handdoek ingooi – moed opgee
c) hang aan sy lippe – luister aandagtig na wat gesê word
d) hou ons naam hoog – maak ons trots
e) met ’n lied in my hart – met ’n hart vol blydskap

*Hoofstuk 14*: **’n Hondelewe**

**Leesbegrip**

14.1 Dit is ’n hartseer, mismoedige atmosfeer. Leo ruik hartseer, siek en bang, wat verduidelik hoe die diere daar voel.

14.2 Leo besef dat hy nooit weg moes gehardloop het nie.

14.3 Hy is een van die versorgers of algemene werkers by die DBV.

14.4 Ja, hy weet dat Leo gaan probeer wegkom en keer hom.

14.5 Die honde is:

a) nuuskierig
b) oplettend
c) spelerig
d) honger
e) desperaat.
f) Leerder se respons.

14.5 Dat hy lief is vir hom en dat hy jammer is.

14.6 Leo is te hartseer om te eet.

14.7 Dit beteken dat daar nie baie honde is wat weer opgeëis word nie.

14.8 Hulle is moontlik oom Kampie se dogter en kleindogter.

**Letterkundige aspekte**

14.9 Die uitdrukking "'n hondelewe" beteken 'n slegte lewe. Dit dui op die teëspoed wat al die honde by die DBV beleef en ook watter teëspoed Leo beleef.

14.10 Ethan kry vir Leo aan die begin by die DBV en nou is hy weer terug by die DBV.

14.11 Hierdie is die enigste hoofstuk wat net uit Leo se perspektief vertel word.

*Hoofstuk 15:* **Elke hond kry sy dag**

**Leesbegrip**

15.1 Hy is gehawend, dors, honger en hy kry koud.

15.2 Hulle wil weet waar Leo was, wat hy alles gesien het en hoe ver hy gehardloop het.

15.3 Leo is te moeg en vasberade om hulle te antwoord.

15.4 Hy blaf so hard as wat hy kan.

15.5 Ethan besef dat geld nie liefde kan koop nie en dat hy daarom moet doen wat vir Leo die beste is en nie vir homself nie. Vir Pieter is geld belangriker as enige iets anders.

15.6 Leo gaan nie saam met hulle emigreer nie.

15.7 Oom Kampie se dogter en kleindogter het vir Leo by die DBV gaan aflaai. Oom Kampie het genoem dat hy al baie honde gehad het. Die prentjie wat oom Kampie geskep het van waar Leo die gelukkigste gaan wees, pas perfek by oom Kampie se werklikheid. Oom Kampie het vir Ethan ondersteun in sy poging om geld in te samel vir Leo.

Leerder se respons.

15.8 Dat hy voor haar motor ingehardloop het en sy hom amper raakgery het.

15.9 Leo kan nie meer lekker hardloop nie.

Leo se oë is dowwer en hy sukkel om te sien.

Sand is aansienlik ouer as toe hy by hulle gaan woon het.

15.10 Hy hou aan die einde van die wedstryd wat op televisie uitgesaai is, ’n trofee in sy hand terwyl daar ’n onderhoud met hom gevoer word. Hy speel vir Nieu-Seeland se nasionale span.

**Letterkundige aspekte**

15.11 Maak ’n vloeidiagram waarin jy die volgende elemente van ’n verhaal uitlig:

- Eksposisie – Die oomblik wanneer Ethan vir Leo kies, die eerste rugby-oefening.
- Motoriese moment – Ethan verneem dat hulle gesin gaan emigreer en dat Leo nie kan saamgaan nie.
- Ontwikkeling – Ethan is in konflik met Pieter, sy ouers en sy onderwysers.
- Krisis – Ethan is depressief en stel in niks meer belang nie. Hy tree buite karakter op.
- Klimaks – Leo hardloop weg.
- Ontknoping – Leo vind ’n tuiste by oom Kampie en Ethan is suksesvol in sy rugbyloopbaan in Nieu-Seeland.

15.12 “Elke hond kry sy dag” word gewoonlik in ’n negatiewe konteks gebruik wanneer iemand sy verdiende loon kry. In hierdie hoofstuk dui dit egter op ’n gelukkige einde vir Leo en Ethan.

15.13 Die tema van hierdie verhaal is die vriendskap tussen Leo en Ethan.

15.14 Die verhaal speel af in ’n tienerseun se leefwêreld en spreek ouderdomstoepaslike kwessies aan waarmee alle tieners sal kan vereenselwig. Verlies en die aanvaarding van ’n groot ontwrigting, konflik met vriende en maats dra ook by tot die geloofwaardigheid van die verhaal.

15.15

| **Oorsake** | **Gevolge** |
|---|---|
| Ethan hoor dat sy gesin gaan emigreer. | Hy wil dit nie aanvaar nie en beleef die vyf fases van rou. |
| Ethan hoor dat meneer Fourie sê dat dit nie saak maak dat hy proewe speel nie. | Ethan is kwaad en speel daarom nie so goed as wat hy kan nie. |
| Pieter steel Ethan se geld. | Ethan slaan vir Pieter na die rugbyproewe. |

15.16 Elke keer wanneer daar mensespore op die blad gedruk is, volg Ethan se perspektief. Elke keer wanneer daar hondespore op die blad gedruk is, volg Leo se perspektief.